



**TWEEDE WEEK
VAN LYDENSTYD**

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

-----.

Here, red my van

-----.”

MAANDAG 17 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Wanneer die storms
in jou lewe woed, wat doen
jy? Hoe bid jy? Waarheen
gaan jy?

VANDAG SE GEBED

Here Gee my die krag om U
tussen die donderslae te vind.

Gee my die wysheid om diep
asem te haal, nuuskierig te bly en
U goedheid in die wêreld te soek.
My gebede is onophoudelik. My
dankbaarheid is net so groot.

Amen.



TWEEDE WEEK VAN LYDENSTYD

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

-----•

Here, red my van

-----•”

DINSDAG 18 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Petrus klim uit die boot en loop na Jesus toe (Matt. 14:22–33).

Wanneer in jou lewe het jy doelbewus nader aan Jesus beweeg? Wat het dit veroorsaak?

VANDAG SE GEBED

Soekende God, U weet daar is dae wanneer ek na U toe hardloop—dae wanneer ek wys en sterk is, geanker en gesentreer. Maar U weet ook daar is ander dae wanneer ek soos 'n blaas in die wind is—rondgeslinger en meegesleur deur 'n ander stroom. Help my om doelbewus in my soeke te wees. Plant 'n diepe passie in my hart om U onder elke klip en om elke draai te vind. Soos Petrus wil ek uit my boot klim. Soos Petrus wil ek altyd na U toe stap. Amen.



TWEEDE WEEK VAN LYDENSTYD

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

-----•

Here, red my van

-----”

WOENSDAG 19 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Van wie is jy bewus wat redding nodig het? Bid vandag vir daardie mense?

VANDAG SE GEBED

Reddende Here, ek kan nie die gebroke plekke in die wêreld regmaak nie, maar ek kan dit na U toe bring in gebed. Daarom bid ek vandag vir al die plekke waar storms woed. God, hoor die geluid van militêre vliegtuie en die kinders wat huil. Hoor die seer woorde wat in woede uitgespreek word en die treurige begrafnisredes. Hoor ons gebrokenheid. Ons hou ons oë op die horison —opsoek na U te midde van die golwe. Amen.



TWEEDE WEEK VAN LYDENSTYD

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

-----•

Here, red my van

-----•”

DONDERDAG 20 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Wanneer Petrus begin sink, steek Jesus onmiddellik sy hand na hom uit (Matt. 14:22-33).

Wat sê dit vir jou oor God? Oor Jesus?

VANDAG SE GEBED

Heilige God, op my slegste dae klou ek vas aan die wete dat U onmiddellik uitgereik het. Toe

Petrus begin sink, het U nie getwyfel nie.

Herinner my aan daardie waarheid wanneer ek knie-diep in die golwe staan. U is 'n God wat uitreik. Laat my dit nooit vergeet nie. Amen.



VRYPDAG 21 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Jesus sê vir Petrus: “Wees gerus, dit is Ek; moenie bang wees nie” (Matt. 14:22-33).

Waar in jou lewe het jy moed nodig?

VANDAG SE GEBED

God van die wind, hoe dikwels klou ek aan die rand van die boot vas? Hoe dikwels laat ek toe dat vrees of my eie onsekerhede oorwin? Skep in my 'n dapper hart. Plaas U stem langs myne. Help my om met moed te praat, selfs wanneer my stem bewe. Die storm mag woed, maar ek weet, ek is nie alleen nie. Amen.

TWEEDE WEEK VAN LYDENSTYD

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

_____.

Here, red my van

_____.”



TWEEDE WEEK VAN LYDENSTYD

Red my van gevaar

GELOOFSGEWOONTE

Bid die volgende gebed:

“Here, dankie vir

-----•

Here, red my van

-----•”

SATERDAG 22 MAART

REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Wanneer Petrus sink, vra
Jesus: “Waarom het jy getwyfel?”

(Matt. 14:22-33).

Dink jy Petrus het in homself of in
Christus getwyfel? Hoe daag twyfel
in jou lewe op?

VANDAG SE GEBED

Jesus van Nasaret, U is die
wonderwerkmaker. U is die gasheer vir
almal, die vriend van die siekes, die hand
in die storm. .

U is onderwyser en vriend.
As mense vra, laat my stem nie bewe nie.
As mense vra, gee my die moed om te sê
dat U die Here is, dat U liefde is.

Amen.